

**Die Burger Laaste – 16 Mei 1994, bladsy 4**

**Joernaal: Kuns & Vermaak**

# **Hout was sy vorm Sithole se organiese herskepping**

**In 1973 is Lucas Sithole se Swanger Vrou in Kaapstad vertoon.**

Die Suid-Afrikaanse beeldhouer Lucas Tandokwazi Sithole is op 7 Mei in sy huis by Spekboom in die distrik Pongola oorlede. Elza Miles bring hulde aan sy besondere kuns.

---

WANNEER mense na die nuwe TV-reeks Torings kyk, sal hulle 'n groot donker kop tussen ander houtbeelde in een van die episodes opmerk. Dit is Die Droom van Lucas Sithole, geskep uit 'n baie digte en swaar Zoeloelandse houtsoort. Dié fiktiewe kunstentoonstelling, wat plaasvind in die Johannesburg se Kunsmuseum, sal seker die wydste bekendstelling tot dusver van Sithole se kuns wees. 'n Mens kan net hoop dit sal gou opgevolg word met 'n oorsig tentoonstelling. Sithole, wat in KwaThema gebore is, het op 15 November verlede jaar sy 62ste verjaardag gevier. Sy pa was 'n lekepriester in die Zioniste kerk en sy ma 'n wasvrou. Op sesjarige ouderdom is hy na Swaziland gestuur. Daar het hy gewoon by Tsayi Nomvumi, sy ouma aan moederskant, wat die Swazi-koningshuis van kleipotte voorsien het. Van haar het hy nie net geleer om met klei te werk nie, maar hy het ook geleer van die mitologie van Afrika, wat in sy kunsuitdrukking 'n blywende neerslag vind, en daaraan 'n eiesoortigheid verleen. Sedert Sithole rondom 1980 na Spekboom in die distrik Pongola vertrek het, het hy hom heeltemal aan hout gewy. Een van die redes waarom hy hom daar gevestig het, was omdat droë en ryp hout volop in die sandlope was. Hy kon hom nooit versoen met die gedagte dat bome of takke afgekap word nie. Hier in die bos het hy vorms gevind wat tot hom gespreek het. Soms was dit uitgespoelde stompe met verknotte wortels waarin hy die vorm van 'n ystervark of 'n totemdier van ou Afrika ontdek het. In die kompakte vorms van groot stukke spoelhout het hy koppe ontdek waarin die holtes van die oogkaste en wange 'n mens herinner aan reën en die gemeenskaplike arbeid by maalklippe. Aan die begin van sy loopbaan het Sithole ook in metaal gewerk en met Gewonde Buffel, voor die ontspanningsentrum by die Bracken-myn op Evander, het hy 'n hoogtepunt in dié vorm van uitdrukking gevind. In sy latere houtbeelde het hy wegbeweeg van die natuurgetrouheid wat hierdie buffel kenmerk. Hoewel Sithole sy rug op nabootsing van die natuur gedraai het, het hy by 'n soort organiese herskepping van natuurwerkinge in sy kuns uitgekom. In sy slank figure lyk dit asof hy 'n mens wil voorberei op die oorgang van metaal na hout. Kenmerkend van die figure met hul verlengde ledemate, is die klokvormige voetstukke waarop hy hulle gemonteer het. In dié vorm wil 'n mens telkens die helder klank van klokke hoor al weet jy dié voetstuk is nie hol nie en daar is geen klepel nie. Voorts verras hy jou weer wanneer hy aan die gevonde en omvormde hout 'n patina verskaf wat lyk soos die aanslag aan koper. Nou "verander" die vermoldde hout in metaal, en bring Sithole koperspaan en koperaanslag bymekaar. Só het Sithole die verskil tussen die twee skeppende moontlikhede van die beeldhoukuns opgehef. Hy verweef die hooftegnieke: Boetsering en wegkap. Toe Megan Vermaak, kunsregisseur van Torings, besluit het om Sithole se beelde te laat figureer, het sy nie kon droom dat dié keur van sy werk juis 'n huldeblyk aan sy besondere talent sou wees nie.